

'n Bekeerde is 'n gestuurde getuie

Voor Jesus se hemelvaart het Hy by verskeie geleenthede aan sy dissipels verskyn en laaste opdragte aan hulle gegee. Een opdrag wat meer as een keer herhaal is (vgl. Luk. 24:47-48 en Hand. 1:8) is die opdrag dat die dissipels nou Jesus se getuies onder alle volke, tale en nasies moes wees.

Wat het dit beteken dat hulle Jesus se getuies moes wees? As getuies moes hulle só van Jesus getuig dat ander mense ook tot besef van hulle sondeverlorenheid kom, en redding en nuwe lewe in Jesus vind. In die uitvoering van hierdie taak sou Jesus deur sy Gees sy dissipels bystaan en lei.

Handelinge vertel ons hoedat die dissipels met die uitvoering van die opdrag begin het. Deur die eeue is die opdrag deur nuwe geslagte dissipels gekontinueer, en vandag is hierdie opdrag steeds elke volgeling van Jesus se missie.

Hoe voer ons die opdrag uit? 'n Getuie getuig eerstehands oor iets of iemand, en lewer nie hoorsê-getuienis nie. Ons is in die Naam van God Drie-enig gedoop en dit maak dat ons nie hoorsê-getuienis hoef te lewer nie. Ons kan lewens leef wat daarvan getuig dat ons in Jesus Christus met die Vader versoen is. Deur die leiding en krag van die Heilige Gees kan ons nou die wil van die Here in ons lewens uitleef.

Hierdie nuwe lewens wat ons nastreef, maak dat ons anders is as ander mense in die wêreld. Wanneer hulle dan navraag oor ons andersheid doen, kan ons met ons monde getuig van die evangelie van Jesus en hulle oproep tot bekering na Christus.

Leef jy regtig die lewe van 'n getuie van Jesus wat ander mense na die Here aantrek, of stoot jou eiewillige lewe mense eerder van die Here af weg?

Sing: Psalm 67:1, 2 (1936/2001)

Dr. JA (Jannie) Erasmus (Odendaalsrus)